# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

# NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 21 DESEMBER 2016 – 10:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

**NOMMER 1/2016**

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

**1.1 Gebed**

Die vergadering word met gebed deur mnr Sias Meyer geopen.

**1.2 Verwelkoming en verskonings**

Omdat die Vereniging gedurende die jaar sedert Junie dormant was neem mnr George Nezar die vergadering as Voorsitter waar. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig met 'n spesiale woord van verwelkoming aan Raadslede Anton Dellemijn, Len Rauch en Annatjie Janse van Rensburg. Mnr Frikkie Rheeder van Midbrak Buurtwag word ook welkom geheet.

Die vergadering neem met leedwese kennis van die afsterwe van mnr Kallie Smit wat gedurende die jaar oorlede is.

Die vergadering is deur 28 eiendom eienaars bygewoon.

Verskonings is ontvang van:

Johan Boshoff Charl Coetzer Vicus Nel – Tergniet Hennie Harris – Tergniet Jorrie Jordaan Ray Saul Frik Nel Tommy Smalberger Nicky van Rensburg Buks Pieterse Chris Kotze Donovan Classen Ann Pretorius André Kotze

**Voorstelling van Komiteelede**

Die Uitvoerende Komitee word aan die vergadering voorgestel.

**GOEDKEURING VAN NOTULE VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 21 DESEMBER 2015**

Die notule van die vorige vergadering word aan die vergadering voorgelees. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Jacques Radley en Johann Muller.

**VOORSITTERSVERSLAE 2016**

**Belastingbetalersvereniging**

Mnr Anton Dellemijn lees die verslag aan die vergadering voor. Bylae A.

**Finansiële verslag**

**1.3**

Mnr Anton Dellemijn lees die verslag aan die vergadering voor. Bylae B.

Inwoners word bedank vir hulle vrywillige donasies en daar word beklemtoon dat die Vereniging staatmaak op donasies.

**2.**

**Buurtwag**

Mnr Frikkie Rheeder lees die verslag aan die vergadering voor. Bylae C.

**3.**

Die vergadering keur die verslae goed.

**3.1**

**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**3.2 Erf 271 en 264, Reebok**

Erf 271 bestaan uit 44 hektaar tussen Rooibok- en Seesterstraat en erf 264 is die gedeelte waar die ou tennisbane was. Die dispuut tussen Eden Distriksmunisipaliteit en Mosselbaai Munisipaliteit is steeds hangende.

By navraag van inwoners oor wat die Munisipaliteit be-oog vir die eiendom wanneer dit hulle eiendom is, bevestig die Voorsitter dat 'n publieke deelname proses gevolg moet word wanneer die Munisipaliteit van die eiendom wil vervreem of ontwikkel.

**3.3** Die Vereniging monitor die aangeleentheid voortdurend.

**Reebokrif HEV (Trust)**

Die Voorsitter bevestig dat daar nog geen huiseienaarsvereniging bestaan nie. Die prokureurskoste vir elke uitklaring beloop egter R499. Daar is egter voorgestel dat die Munipaliteit 'n skrywe daaroor kan uitreik vir die prokureur se uitklarings.

**4.** Die Voorsitter onderneem om 'n vergadering met inwoners van Reebokrif te hou ten einde oplossings te vind.

**4.1** Mnr Cecil Barry meld om transportaktes te verander hoë koste sal meebring.

Die Munisipaliteit het voorgestel dat aansoek gedoen word by die akteskantoor vir wysiging van die bestaande transportaktes en die ongeveer R400 000 wat in trust by die prokureurs in George gehou word, vir die doel aangewend word.

**Hersiening van straatname en kartering van nuwe uitbreidings**

Mnr Len Rauch lig die vergadering in oor die proses wat gevolg is. Die Munisipaliteit se beleid is gevolg, maar toe die stelsel getoets is, het dit nie gewerk nie. Die hele proses moet weer hersien word.

**4.2 R102 - vordering**

Die vergadering neem kennis van minister Grant se besoek voor die verkiesing. Die Minister was onvoorbereid, maar het persoonlik met 'n huurmotor die R102 gaan ry en het daarna onderneem om tydens 'n volgende geleentheid terugvoer aan die gemeenskap te gee.

Op 20 Desember het die Minister en mnr Japie Strydom en Eden Distriksmunisipaliteit 'n vergadering in die Reebok Gemeenskapsaal toegespreek oor die proses vorentoe.

Die Minister het bevestig dat herstelwerk op die R102 middel Mei 2018 sal begin.

Onduidelikheid bestaan oor wie verantwoordelik is vir instandhouding van "Mike Wray Boulevard" (naamlose pad tussen R102 en Impalaweg). Raadslid Janse van Rensburg lees 'n skrywe tot dien effek aan die vergadering voor.

**4.3** 'n Beroep word op inwoners gemaak om lede van die Vereniging te kontak indien hulle gate op padoppervlak of oorgroeide bosse wil rapporteer.

**Padoorgang by Suiderkruis**

**4.4** Omdat dit 'n deurpad is, is dit die Nasionale Owerheid se verantwoordelikheid. Die aangeleentheid vorm deel van die krisispunte wat ondersoek word met opgradering van die R102.

**Webtuiste**

Die Voorsitter maak verskoning dat die webtuiste vir twee jaar onaktief was, maar het 'n persoon genader wat vroeg in Februarie 2017 die webtuiste sal opdateer.

**Munsipale verkiesing**

Raadslid Janse van Rensburg lig die vergadering in oor die grense van wyke 4 en 5.

**Wyk 4:** Strek van Brandwag, landelike gedeelte, Kleinbrak, Monte Christo, Riverside, Powertown, Rheebokstraat na westekant, Impala Noord van Reebok treinspoor tot by Leani Kwekery. Grootbrak: Polisiestasie , Sandhoogte, Langstraat tot by wit Kerk

4.5 **Wyk 5:** Strek vanaf Oostekant van Reeboklaan, Impalaweg Suidelike kant tot by Glentana, Jonkersberg tot by Wolwedans, Suiderkruis, stasie, skoenfabriek, Polisiestasie, Toekoms, De Lange Uitbreiding.

Die Voorsitter meld dat uit 1 100 permanente inwoners ouderdomsgetalle soos volg is:

4.6 20 – 49 jaar = 14%
50 – 60 jaar = 14%
61 – 75 jaar = 52%
76 – 80 jaar = 11%
4.7 91 – 99 jaar = 9%

**Erf 38, Van der Rietstraat, Klein-Brakrivier**

Afgehandel. Haal af.

**Uitbreiding van Midbrak**

In die gebied is ongeveer 3 000 erwe. 'n Vergadering is met munisipale amptenare gehou. Raadslid Len Rauch verwys inwoners na die "Spatial Development Plan" op die Munisipaliteit se webtuiste vir meer inligting.

**Ontwikkeling tussen R102 en N2**

Die vergadering neem kennis dat die grond vir landbougrond soneer is. Geen voorleggings vir ontwikkeling is tot dusver aan die Munisipale Raad voorgelê nie.

**Kusweg - opgradering**

4.8 Uitstaande dele sal aandag geniet. Uitsluitsel behoort binnekort verkry te word.

4.9 **SAKE VIR BESPREKING**

**Powertown – verslag oor vordering**

4.10 Inwoners sal gedurende 2017 na Sonskynvallei verskuif word. Logistieke probleme geniet aandag.

Die area sal uiteindelik as vleiland gerehabiliteer word.

4.11 **Vuurwerke**

Inwoners word weer eens bedag gemaak dat afskiet van vuurwerke in die area totaal verbied word.

**SMS nommer vir die Munisipaliteit**

5. Inwoners word aangemoedig om van die SMS nommer 44802 van die Munisipaliteit gebruik te maak.

Mnr Cecil Barry stel voor dat die Munisipaliteit. departementele nommers in die telefoongids uitbrei.

5.1 Die Voorsitter verduidelik die werking van die Vereniging en versoek inwoners om probleme aan komiteelede te rapporteer omdat goeie samewerking en kommunikasie kanale met munisipale departemente bestaan.
Maak asb. seker wie jou komiteelid is in jou area.

**Vakansie seisoenreëlings - Blouvlagstrand**

Die area is bevoorreg om 'n blouvlagstrand in die area te hê en moet benut word. Waarde van huise het toegeneem.

**5.2** Kennis word geneem van verwaarloosde trappe en klippe op die strand waaroor kinders hardloop beseer kan word. Raadslid Dellemijn bevestig dat die aangeleentheid aangespreek is.

**Houtstrukture vir plasing van swart sakke**

**5.3** Inwoners word versoek om reëlings met bure te tref wanneer hulle weggaan sodat sakke op Maandae in Tergniet en Reebok en Dinsdae in Fraaiuitsig uitgesit word.

Reëlings sal getref word dat die aangeleentheid weer in die Munisipale nuurbrief aangespreek word.

**Bewarea**

**5.4** Tans is daar slegs een persoon wat al die werk doen, daarom is dit by die Vereniging ingesluit.

**AANVULLENDE SAKELYS**

**Kennis van wysiging van Grondwet oor area. (voorstel vir aanvaarding 2017 AJV)**

**5.5** Die vergadering neem kennis dat die Grondwet tans in areas opgedeel is vanaf Kleinbrak tot Tergniet.

Goedkeuring sal by die 2017 AJV gevra word vir wysiging as volg: Vanaf Klein Brakrivier, insluitend Riverside, tot by Tergniet se grens aan die Oostekant met insluiting van Toekoms en De Lange Uitbreiding.

**Rioolsuiwering**

**5.6**

Die vergadering neem kennis dat die Munisipaliteit 'n lening aangegaan het vir bou van pompstasies. Die totale beraamde koste vir omskakeling van die hele gebied is ongeveer R84 miljoen.

**ALGEMEEN**

**6.**

**Geïtegreerde Ontwikkelingsplan**

**6.1**

Mnr Cecil Barry meld dat dit 'n Raadsfunksie is wat op die belastingbetalers impakteer.

Die Voorsitter lig die vergadering in dat die 5 jaar plan op die Munisipale webtuiste beskikbaar is en dat voorstelle nog ingedien kan word.

Bywoning van geskeduleerde GOP vergadering word geskiedkundig swak bygewoon deur inwoners wat nadelig is. Datum vir toekomstige GOP vergaderings sal op die Vereniging se webtuiste (www.midbrakratepayers.co.za ) aangebring word. Eienaars word versoek om die vergaderings by te woon om hul eie belange te beskerm.

**6.2 VERKIESING VAN KOMITEELEDE VIR 2017**

Die voorstel dat bestaande lede heraangestel word, word eenparig aanvaar.

**7.** Drie vakante poste bestaan en die Voorsitter versoek inwoners om voorstelle vir aanstellings by hom in te dien.

**7.1 AFSLUITING**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 1/2017 GEHOU OP 18 DESEMBER 2017

GEORGE NEZAR - VOORSITTER

**BYLAE C**

***MIDBRAK BUURTWAG INSETTE – 21 DESEMBER 2016***

- Buurtwag is ‘n vrywillige nie-winsgewende organisasie wat dien as die polisie se oë en ore om sodoende te help met misdaadbekamping en die veiligheid in die Midbrak area.
- Die Buurtwag bestaan uit inwoners. Daar is ook ‘n groep wat as die Operasionele Groep bekend staan, onder leiding van Awie Swanepoel. Die groep patrolleer bedags en snags sonder en enige vergoeding. Die doel hiervan is om sigbaarheid te verhoog en suspisieuse aktiwiteite te rapporteer.
- Daar is geen lidmaatskap fooie, alhoewel bydraes en skenkings baie waardeer word. In vandag se lewe moet tegnologie gebruik word om misdaad te bekamp en dit kos geld. Bydraes moet ook eerder elektronies gemaak word of kan as kontant by vergaderings inbetaal word.
- Die hoof kommunikasie middel van die Buurtwag is die “What’s App” groepe wat deur Jacques Radley bedryf word. Indien u belangstel om op die groepe te kom kontak hom gerus op die Buurtwag selfoon (**076 666 8934)**.
- Vergaderings word maandeliks in die Reebok Gemeenskapsaal gehou. Dit geskied elke eerste Maandag van die maand teen 18:00. Notules word elektronies uitgestuur aan lede wie se e-Posse beskikbaar is. Op die stadium is daar sowat 581 e-Posse wat die Notules en Agendas kry. Indien u op die stelsel wil kom skakel Jacques Radley of stuur u e-Pos met ‘n boodskap na die Buurtwag selfoon.

**STATISTIEK**

Misdaad het oor die algemeen verminder. As ‘n voorbeeld, gesien teenoor Aug 2015 teenoor Aug 2016 was daar ‘n 61,54% vermindering. Gedurende die feesgety is daar nou weer ‘n styging en dusver is dit dieselfde as verlede jaar.

**Uit die bedrywighede van die maand kan die volgende afleidings gemaak word**:

- 90% van inbrake vind plaas as gevolg van oop deure en vensters waar daar geen diefweering of alarm-stelsels is nie.
- Dit maak nie saak of mense tuis is nie, dit is egter duidelik dat die gemerkte huise goed dopgehou word, en die meerderheid inbrake is na middernag.
- Oop deure en vensters waar daar geen diefweering of alarmstelsels is nie, bly ‘n maklike teiken. In al die inbrake is dit die manier hoe die misdadegers die huise binnekom. Dit is ook ‘n aanduiding dat die misdadigers weet wat in die huise aangaan.
- Selfone, skootrekenaars en TV’s bly ‘n gunsteling, maar ‘n nuwe tendens is dat klere, asook tuinmeubels gesteel word.
- In meeste gevalle was daar geen diefweering, geen alarm wat gestel of geïnstaleer was nie, en ook geen omheining.

**ALGEMEEN**

- Die grootste probleem is straatverkopers, bedelaars en rondlopers. Inwoners word weereens gewaarsku om nie vir bedelaars kos of geld te gee nie. Dit lok ongure karakters uit na die omgewing wat later net probleme kan veroorsaak. Hoe hard dit ookal mag wees, moet daar onder geen omstandighede enige kos of geld aan die mense gegee word nie. Indien geld aan die persone gegee word is dit ook ‘n aanduiding dat daar wel geld in die huis is, wat as versoeking kan dien.
- **Kinders**. Daar is ‘n duidelike verskil tussen kattekwaad en vandalisme. Midbrak Buurtwag kan nie toelaat dat inwoners se blompotte en tuine asook bankies by die see omgegooi en beskadig word nie. Selfs verkeerstekens word beskadig en platgetrap wat noodlottige gevolge kan he vir vakansiegangers wat die area nie ken nie. Almal word versoek om enige verdagte optredes so spoedig moontlik te rapporteer aan die SAPD en Buurtwag.